

# SONSTRAAL BYBELSTUDIE

**8 FEBRUARIE 2026**

## Prediker 3:1-14
## Tussentyd

**1. Beweging 1:**

a. Verwelkom elkeen in die groep en vind uit watter gebeure vandag in die groep gevier moet word.

b. Word 'n oomblik stil om bewus te word van God, mekaar en ons omgewing. Laat ons asemhaling ons herinner aan God wat lewe gee... Laat ons bewus wees van elkeen se teenwoordigheid – in besonder elkeen as God se geliefde kind... Laat ons voete op die grond ons herinner aan ons kontinent, ons land, ons dorp, ons buurt... Wat druk God vanaand op jou hart?

c. Open met gebed

**2. Beweging 2:**

Lees die bekende gedig (verse 1-8) met aantekeninge (verse 9-14) in Prediker 3:1-14

**3. Beweging 3:**

Net eers 'n paar gedagtes oor die boek: Prediker

a. Die oorspronklike Hebreeuse naam vir die boek is: Qohêlêt. Dit verwys na iemand wat 'n vergadering byeenroep of toespreek. Martin Luther vertaal dit met: Prediker.

b. Prediker is deel van 'n versameling Wysheidsliteratuur in die Bybel. Wat sou die doel van hierdie genre wees? Is dit vandag nog geldig en nuttig? Hoekom so?

c. Die skrywer was moontlik 'n wysheidsleraar in sy/haar tyd. Het ons vandag nog wysheidsleraars? Het ons sulke mense nodig, of is Google en ChatGPT vir ons genoegsaam?

d. Lees Prediker 1:2. Dit is die oorkoepelende tema van die boek. Letterlik beteken (Hebreeus: hebel) "sinloos" hier: soos 'n rookwolk wat uitgeblaas word wanneer 'n mens rook. Wat sou dit beteken? Hoekom sou die Prediker die stelling maak: "Sinloos, volslae sinloos... alles is sinloos"? Wat in ons lewens is sinloos? Wanneer is ons lewens sinloos?

e. Prediker verset hom teen die al te gangbare siening dat God die goeie beloon en die kwaad straf. Prediker maak duidelik: Die mens is verganklik (sterflik). God is nie uitgelewer aan die optrede van mense nie. God se goedheid hang nie van mense se gedrag af nie! Eerder andersom: Die mens is uitgelewer aan die absolute soewereine God wat oor menselewens beskik soos God wil. By God gaan dit nie oor beloning vir goeie werke nie. Die enigste beloning vir die mens is om die goeie wat God gee te geniet solank ons kan – want daarna wag die dood. Watter blik gee hierdie kernwaarheid aan Prediker se stelling in 1:2?

**4. Beweging 4:**

Oor ons teks:

a.  Watter ritme merk ons op in die gedig (verse 1-8)?

b Wat is die wysheid wat Prediker hier wil tuisbring?

c. Watter van die gebeure in 1-8 beleef ons in ons lewens vandag? Gaan 1-vir-1 deur.
d. Watter perspektief verleen die realiteit dat ons sterflik is aan ons daaglikse lewens?
e. Waarvan raak ons bewus as ons die realiteit van tyd in die oë staar?
f. Vers 11 sê: "Alles het God mooi gemaak op sy tyd". Wanneer sou afbreek/haat/oorlog dan goed wees?
g. Vers 11 sê ook: God het die besef van tydsduur (=ewigheid) in ons harte gegee. Hoe sou ons hierdie bewustheid van ewigheid beskryf? Wat doen dit aan ons? Sou ons in hierdie lig weer kan dink aan die opmerking: "Alles is sinloos"? Ons pogings en valse sekerhede word hier teenoor God se wysheid en almag in God se tyd gestel. Wat bly nou vir ons oor?
h. Watter hoop gee hierdie gedig?

**5. Beweging 5:**
Sluit af met gebed en geniet 'n heerlike koppie tee en verkeer gesellig saam.

**6. Beweging 6: Aankondidings:**
a. NS Ons hou ons **Kleingroepfees** op DV 12 Februarie om 19h00 in die kerk. Hoop ons sien elkeen van julle vir 'n heerlike kuier-aand saam met al die gemeente se kleingroepe. Ons gaan iets te ete hê. Daarom vra ons dat julle asseblief getalle sal deurgee vir Belinda by die kerkrantoor.
b. Ons wil weer 'n **opname** maak van al ons kleingroepe. Stuur asseblief 'n lys van julle kleingroeplede vir ons en dui aan wie die sameroeper/leier /kontakpersoon is. Julle kan dit stuur aan: kommunikasie@sonstraal.org.za. Baie dankie vir julle samewerking!